# DIE WEDERSYDSE ERKENNING VAN BYBELKUNDE-KREDIETE

*Ferdinand Deist*

## *A ALGEMEEN*

Die probleem van die wedersydse erkenning van Bybelkunde-krediete be= staan op voorgraadse sowel as nagraadse vlak. In sommige opsigte kan 'n mens die twee vlakke van mekaar skei, maar in ander opsigte gee juis die voorgraadse probleme aanleiding tot probleme by toelating tot nagraadse studie. Wat ek hieronder noem, hoef nie noodwendig "uni= verseel" waar te wees nie, maar spruit uit my eie ervaring met toe= lating van studente vanaf ander universiteite by Unisa.

## *B NAGRAADSE TOELATING*

a) Daar bestaan ietwat van 'n diskrepansie by die toelating van studente tot Honneursstudie. Ons erken wel mekaar se grade oor en weer, sodat 'n student byna vanselfsprekend kan aanneem dat hy met 'n B A-graad van universiteit A toelating sal kry tot Hon= neursstudie aan universiteit B. Dit kan selfs wees dat so 'n student voldoen aan toelatingsvereistes van universiteit B, by= voorbeeld taalvereistes en 'n bepaalde slaagsyfer in die derde jaar. Maar die vraag spook by jou: sal die student, met die agtergrond van die kursus by universiteit A hierdie Honneurs= kursus kan baasraak? Moet ek hom toelaat om homself dalk vas te loop? Hierdie saak hang saam met die vergelyking van voor= graadse kursusse, waaraan ek netnou sal aandag gee.

b) Verskillende universiteite stel verskillende taalvereistes vir toelating tot Honneurs-, M- en D-studie. Unisa vereis byvoorbeeld Grieks I en Hebreeus I vir toelating tot Honneurs, vir M A een van hierdie tale op tweedejaarsvlak en die ander op eerstejaars= vlak en vir D Litt albei tale op tweedejaarsvlak of een van die tale op derdejaarsvlak en die ander op eerstejaarsvlak. Ander universiteite stel ander of geen vereistes nie. Nou kan die student natuurlik eers die taalvereistes verwerf en dan inskryf, maar dan word hy òf ontmoedig òf hy het te min ervaring in die gebruik van die tale om sy kursus sinvol te deurloop. Moet ek hom toelaat?

c) 'n Student mag aan alle vereistes voldoen om toegelaat te word en tog geweier word op grond van die feit dat universiteit B 'n be= paalde aspek van Bybelkunde nie aanbied nie. 'n Student wat hom byvoorbeeld vir 'n D Litt in Bybelkunde vir 'n sistematiese rig= ting wil inskryf, kan nie aan Unisa geakkommodeer word nie omdat ons Bybelkundekursus nie so 'n komponent het nie en Bybelkunde deur die departement Ou en Nuwe Testament aangebied word. Spe= siale reëlings sal in so 'n geval getref moet word indien die student toegelaat word.

d) Die nagraadse student is natuurlik veel meer op homself aangewese en 'n mens verwag van hom om in te haal wat hy ook al in sy mon= dering mag mis en ons doen dit ook soms om 'n student te verplig om eers bepaalde dele van die voorgraadse kursus deur te werk sodat hy sy kursus beter kan volg.

*C VOORGRAADSE TOELATING*

a) Hier is een van ons mees akute probleme. 'n Student voltooi sy eerste jaar of tweede jaar aan universiteit A en wil dan oor= skakel na universiteit B. Ons kry by Unisa dikwels met hierdie soort probleem te make.

b) Een van die eerste probleme is gewoonlik dat 'n student aan die verskillende universiteite dele of brokstukke of volledige kur= susse in twee of meer van die volgende vakrigtings as Bybelkunde aangebied kon gekry het: Ou Testament, Nuwe Testament, Bybelse Argeologie, Kultuurgeskiedenis, Geografie van die Bybellande, Geloofsleer (van 'n bepaalde konfessie), Sistematiese teologie, Kerkgeskiedenis. Dit spreek vanself dat 'n sillabus wat alleen voorsiening maak vir Ou en Nuwe Testamentiese wetenskap - soos dié van Unisa - op daardie terreine veel meer sal doen oor 'n periode van twee jaar as 'n sillabus wat binne dieselfde bestek van tyd ook aandag gee aan kultuurgeskiedenis en geografie en kerkgeskiedenis en geloofsleer. Doen jy die student 'n guns as jy hom toelaat om in sy derde jaar op 'n vlak in te val wat hy kwalik kan behartig? En die student wat van Unisa af by 'n

ander universiteit gaan inskryf? Hy het weer 'n agterstand omdat universiteit B sake in die Bybelkundesillabus insluit wat hy nog op geen stadium geneem het nie.

c) Dan is daar die probleem van die benadering tot die stof wat aangebied word. Universiteit A benader sy stof vanuit 'n be=paalde kerklike belydenisoogpunt en so ook universiteit B; maar B gaan van 'n ander konfessie uit as A. Kan dié twee universiteite Bybelkundekrediete oor en weer erken? Natuurlik sal die dosente mekaar tolereer, maar wat is die effek op die student? Universiteit C benader weer die stof vanuit 'n kri=tiese standpunt. Sal A, B en C se studente sondermeer oor en weer kan skuif? Die een universiteit benader die vak informa=tief, die ander eksploratief. Kan studente oor en weer toege=laat word as die student se belange voorop staan? Die een uni=versiteit lê klem op detailkennis, die ander op eksemplariese kennis. Sal 'n student van die een sisteem na die ander kan oorskakel?

d) Dit lyk my dat die basiese en onderliggende probleem dié van die definisie van die vakgebied Bybelkunde is. Is dit 'n minia=tuur teologiekursus vir nie-teoloë? Is dit 'n agtergrond vir onderwysers om hulle skoolsillabusse te hanteer? Is dit 'n saak van kultuurhistoriese interesse? Of van godsdienshisto=riese interesse? Moet dit op 'n belydenisgrondslag aangebied word of nie? Wat beteken die *-kunde* in Bybelkunde? Is dit dieselfde as wetenskap? Of is dit kennis in die sin van infor=masie? Waarvoor staan *Bybel-* in die naam? Is dit 'n suggestie dat net die Bybel self ter sprake moet kom of raak dit ook die geskiedenis van die Bybel in die kerk en in die dogma? Al na gelang van die antwoorde op sulke vrae sal sillabusse opgestel word, sillabusse wat mekaar soms feitlik wedersyds kan uitsluit en wat wedersydse erkenning onmoontlik maak: nie omdat jy die ander universiteit nie sy siening en outonomie ontsê nie, maar omdat jy 'n beslissing moet maak of die student, wat 27 weke tyd het in 'n akademiese jaar, die nodige aanpassings sal kan maak en/of die agterstand op bepaalde gebiede kan inhaal.